en dit het nog nooit objekte aangedui of beskryf nie. Aan die ander kant is daar ook geen historiese bewys dat die mens, selfs in die laagste stadium van sy ontwikkeling, ooit beperk was tot emosionele taal of die taal van gebare nie.Die onoorbrugbaarheid van hierdie gaping is aan die fundamentele verskil in geesteshouding van mens en dier te wyte. By die eerste begrip van die simbolisme van die taal vind daar 'n totale ommekeer plaas in die geesteshouding van die mens. "Roughly speaking, this change may be described by saying that the child passes from a mere subjective state, from a merely emotional attitude to a theoretical attitude."[1] Die dier vorder nooit verder as hierdie subjektiewe en emosionele toestand nie.

7. Mense- en dieregemeenskappe. Ten slotte is daar 'n wesenlike verskil ten opsigte van die plek wat die mens of die dier inneem in die mense- of dieregemeenskap. In die eerste plek is daar by die dier slegs gemeenskaplike handelinge, terwyl daar by die mens ook gemeenskap van denke en gevoel is. Anders gestel, die mens het 'n sosiale bewussyn wat hy in sy kulturele lewe ontwikkel. In die tweede plek is dit 'n bewese feit dat baie van die handelinge wat in dieregemeenskappe uitgevoer word, die menslike handelinge ver oortref. By die dier is daar egter geen indivuduele differensiasie nie want die handelinge van die verskillende diere word volgens dieselfde patroon uitgevoer en daar is geen ruimte vir persoonlike keuse of bekwaamheid nie. By die mens is dit net andersom. Ten derde, alhoewel ons by die hoër diersoorte individualiteit en trappe van individuele bekwaamheid en vermoë bemerk, het dit tog geen betrekking op die algemene struktuur van die dierelewe nie. Geen verworwe bekwaamheid of prestasie van die individuele diere is oordraagbaar nie; dit bly beperk tot die individu se bestaan. By die mens is dit anders, want juis hierin lê een van die kardinale punte van verskil tussen mens en dier. Die mens het 'n weg gevind om sy werke te stabiliseer en te propageer. In sy bestaan gee die mens uitdrukking van sy lewe."He cannot live his life without expressing his life."[2] Hierdie uitdrukkingsvorme (kultuur) het 'n simboliese lewe van hulle eie, 'n voortdurendheid en bestendigheid wat nie gekoppel is aan die enkeling se bestaan nie.

## HOOFSTUK 3 DIE SIMBOOL

1. Inleiding. Soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, is die mens volgens Cassirer meer en anders as net 'n dier. Van die basiese verskille wat hy ontleed, is dat die mens 'n animal symbolicum is of, anders gestel, 'n simboolvormende of simboolskeppende wese. Hierdie vermoë van hom om simbole te kan skep plaas hom in 'n ander en breër dimensie van werklikheid. Hy ken die werklikheid alleen deur middel van hierdie simbole wat hy skep. Waar in die geval van ander organismes 'n direkte reaksie op 'n stimulus volg, is by die mens die antwoord vertraag en onderbreek deur 'n stadige en ingewikkelde geestesproses. Alhoewel dit skyn asof hier 'n agteruitgang is, is daar geen verhaal aan nie."Man cannot

14./ escape from his ........

1. E.o.M., 131
2. Ibid, 224.

escape from his own achievement."[1] Hy moet die voorwaardes van sy lewe aanvaar, want hy lewe nie meer in 'n fisiese universum nie maar in 'n simboliese universum, waarvan onder andere taal, mite, kuns, godsdiens en wetenskap onderdele is. Anders gestel, hierdie bogenoemde vorm saam die simboliese netwerk van die menslike ervaring. Hoe verder die mens vorder en ontwikkel in sy denke en ervaring hoe meer vervleg word hierdie netwerk, want hy het al hoe meer simbole geskep waardeur hy die fisiese werklikheid kan ken. Hy kom nie meer in direkte kontak met die dinge nie. Hierdie sintuiglike en vir Cassirer die sinlose word deur die mens in sy simboolskeppende handeling omgevorm tot die sinvolle en betekenisvolle.

2. Objektiwiteit. Alle kennis is die produk van 'n skeppende aktiwiteit van die menslike gees, en 'n kritiese analise van kennis sal openbaar dat a priori nie die sintuiglike is nie maar "that element of form which is always present in every creative act of mind and which remains invariant through all the changing and stifling contents of experience."[2]

Die kennis van die werklikheid kom dus nie van buite nie - al kom die prikkels tot kennisvorming van buite - maar van binne,"from inside to outside." In stede van soos Cassirer dit stel, in direkte kontak met dinge te wees, is die mens in 'n sekere sin "constantly conversing with himself."[3] Tussen die "mundus sensibilus" (die sintuiglike maar sinlose) en die"mundus intelligibilus" (die sinvolle) is daar 'n onhoudbare dualisme wat opgelos word in die simboolvormende of simboolskeppende handeling van die mens. Die sinvolle lê dus nie in die dinge self nie, maar in die mens, en is die resultaat van 'n suiwer skeppende aktiwiteit van die menslike gees.

Alhoewel die simboliese vorme skeppinge van die menslike gees is, is hulle tog nie subjektief nie maar objektief en algemeen geldend. Hierdie algemeengeldigheid lê nie in die inhoud van die simbool nie - die is te veranderlik. Dit lê enersyds in die "creativeness" of in die funksionele aspek en andersyds in sy struktuur, in dit naamlik wat aan die menslike gees eie is. "All symbols appear from the beginning with a definite claim to objective value. They all transcend the circle of mere phenomena of consciousness and claim, in opposition to them, to represent a universal validity. In fact their 'structure' represents the essential kernel of the objective, of the real."[4] (vergelyk hoofstuk 8 wat onder andere handel oor historiese objektiwiteit.)

3. Die dubbele aard van die simbool. Elke simboliese struktuur besit 'n kenmerkende dubbele aard. Enersyds is dit wesenlik gebonde aan die sintuiglike - dit verskaf die ru materiaal - andersyds staan dit los van die sintuiglike en is wesenlik verbonde aan die funksies van die menslike gees."In every linguistic 'sign', in every mythical or artistic 'image' appears a mental content which, in and for itself, transcends the sensuous, permuted into the form of the sensuous, the visible, the audible, the tastable."[5] Die simboliese funksie het dus hierdie prikkels wat na die

15./ sintuie kom.......

1.E.O.M., 25
2. I.K. Stephens: P.o.E.C.,155
3. E.o.M., 25
4. I.K. Stephens : P.o.E.C.,169
5. Ibid, 169.

sintuie kom, omgevorm tot die sienbare, hoorbare, proebare, ens. Anders gestel, dit het betekenis aan hierdie prikkels gegee.

Hierdie dubbele aard van die simbool is nie konstant in sy verhouding nie. Dit verander soos dit deur die verskillende vlakke van simboolskepping gaan. Op die laer vlakke van die kultuur is hulle so volkome in die sintuiglike gedompel dat die verband tussen hulle en die fundamentele funksie van die gees (simboolskepping) beswaarlik aangedui kan word. Gaande van die laer na die hoër vlakke word die simbool al hoe meer losgemaak van hulle afhanklikheid van die sintuiglike en openbaar dit al hoe sterker die geestesfunksie en die aard van die funksie. Op die laer vlakke sien ons hulle in hulle verwronge modaliteite. Op die hoogste vlak, die vlak van die suiwer wetenskappe sien ons hulle van aangesig tot aangesig en kan hulle geken word vir wat hulle werklik is te wete "pure meanings". Dit is die einddoel waarheen die simboolskeppende funksie gerig is, naamlik die wêreld van "pure meaning."

4. Die mens : Animal rationale of animal symbolicum. "The symbol, the material content clothed with the ideal meaning of the whole infinite composition, is therefore the 'natural' product of consciousness, the symbolic function its natural function. A healthy consciousness must in every act, to the degree and extent of that act, shuttle back and forth throughout the aeons of cultural development and knit all of them into that act. To the degree that it achieves this it is free from its sensuous origins ; it is human. The essence of humanity is a free consciousness, roaming widely over cultural space and time."[1]

Hierdie beskouing oor die simbool en sy funksie toon duidelik die Kantiaanse invloed. Die Kantiaanse trekke is duidelik merkbaar onder andere waar hy praat van die skeppende aktiwiteit van binne na buite. Ook net soos vir Kant die kategorieë objektiwiteit besit kragtens die struktuur van die menslike rede, so besit die simbool ook objektiwiteit kragtens die struktuur van die menslike gees as simboolvormend, en kragtens die struktuur van die simbool self. Waar Kant stel dat die mens deur sy rede, deur middel van die kategorieë, sin en betekenis aan die chaos van gewaarwordinge gee, so word vir Cassirer die sinlose deur middel van die simbool omgevorm tot die betekenisvolle, tot die "world of meaning." As verteenwoordiger van die Neokantiaanse denkwyse gaan hy egter verder as Kant, want hy beweer dat die mens en die wêreld wat hy daarstel nie slegs deur middel van sy teoretiese en praktiese rede kan verklaar word nie, alhoewel rasionaliteit 'n inherente deel vorm van alle menslike aktiwiteite.

Die mitologie, sê hy, is nie maar net 'n lompe massa bygelowe en versinsel nie. "It is not merely chaotic, for it possesses a systematic or conceptual form."[2] Andersyds is dit egter onmoontlik om die struktuur van die mite as redelik te bestempel.

Taal, sê hy, word dikwels met die rede vereenselwig; dit word selfs die bron van die rede genoem. Hierdie definisie dek egter nie die hele

16./ veld nie ........

1. R.S. Hartman, The P.o.E.C.,305
2. E.o.M., 25.

veld nie. Dit is 'n pars pro toto. Besyde die begripstaal is daar nog 'n emosionele taal; besyde die logiese en wetenskaplike taal is daar nog die taal van digterlike verbeelding. Meer nog, aanvanklik het taal uitdrukking aan gevoelens en aandoenings en nie aan gedagtes en ideë nie. Selfs die godsdiens binne die perke van die teoretiese en praktiese rede soos deur Kant ontleed, is maar net 'n abstraksie, 'n skadubeeld van wat die werklike godsdienstige lewe is.

Die groot denkers wat die mens as 'n animal rationale omskryf het, het dit nie in 'n empiriese sin gedoen nie. Deur hierdie bepaling het hulle 'n fundamentele sedelike imperatief aangedui. Nietemin is die rede 'n baie onvoldoende term om al die vorme van die mens se kulturele lewe in sy rykdom en verskeidenheid te omvat en te beskrywe. Al hierdie vorme is simboliese vorme daarom moet die mens nie omskryf word as 'n animal rationale nie, maar as 'n animal symbolicum.

Hierdie definisie van die mens as 'n animal symbolicum, of as 'n simboolvormende wese, met die aanvaarding dat die mens slegs deur middel van die simbole die sin en orde daarstel in die wêreld wat hy ken, veronderstel nie dat hierdie simbole uniform hoef te wees nie. Die ware menslike simbool, alhoewel sy funksie altyd dieselfde is, word gekenmerk juis deur sy veelvormigheid en deur die veranderlikheid van sy inhoud. As ons die mens in sy verskillende stadia van ontwikkeling en in die verskillende aspekte van die lewe sou bestudeer, sou hierdie feit baie duidelik na vore tree.

<u>5. Die simbool in die menslike wêreld van ruimte en tyd.</u> Waar alle werklikheid in die raamwerk van ruimte en tyd moet inpas, geld dit ook vir die mens en sy kultuur. As die mens nie tot sy begrip van abstrakte ruimte, dit wil sê simboliese ruimte gekom het nie, sou die veld van kennis vir hom 'n geslote boek gebly het. Wat die ruimte betref leef die mens op verskillende vlakke. Die laagste vlak mag beskryf word as die organiese vlak, die tweede vlak die waarnemingsvlak en die hoogste die abstrakte of eintlike simboliese vlak. Om tot hierdie hoogste of simboliese vlak te kom, ondergaan die mens in sy simboliese denke verskillende stadia. In die primitiewe lewe beweeg die mens in die ruimte van handeling en is dit nog baie sintuiglik van aard. In die Babiloniese tyd kry ons die eerste spore van 'n voorstelling van ruimte. Dit is egter nog deurspek met mitiese en magiese elemente want hulle ruimtevoorstellings was nog nie suiwer meetkundig van aard nie. Hulle sterrekunde neem die vorm van astrologie aan - 'n mitiese simbolisme. Dit is eers wanneer astronomie die plek van astrologie inneem dat ons van ware abstrakte of simboliese ruimte kan praat. Eers daarna kom kennis van abstrakte ruimte as simbool.

In die drie dimensies van tyd is simboliese handeling ook nodig om daaraan betekenis te gee. Die verlede word alleen geken as die simbole van die verlede verstaan word (dokumente en monumente). Hierdie simboliese handeling stel die mens in staat om die verlede te rekonstrueer en te

17./ reïnterpreteer......

reïnterpreteer. Die menslike verlede is dus nie net 'n beeld van wat was nie. Net so is die toekoms nie maar 'n beeld van wat sal kom nie, maar 'n ideaal - dus 'n simbool. Die menslike geheue is 'n simboliese rekonstruksie van die verlede - 'n herbore verlede. Analoog hiermee is die simboliese toekoms meer as enkel verwagting. Dit is 'n imperatief van die menslike lewe om ideale te hê, 'n teoretiese idee van die toekoms, want dit is 'n voorvereiste vir al sy hoër kulturele aktiwiteite.

6. Die simbool in die verskillende kultuursektore. Soos ons reeds gesê het, aanvaar Cassirer dat op al die terreine van die menslike kultuur aan die werklikheid betekenis gegee word deur die simboliese handeling.

In mite en godsdiens (vir Cassirer is dit niks meer as kultuurverskynsels nie) is daar 'n groot verskeidenheid simbole alhoewel die onderleggende beginsel, die simboolaktiwiteit, dieselfde is. Die mitiese wêreld is nie tot statiese elemente herleibaar nie; inteendeel, dit is dinamies en veelvormig. "The world of myth is a dramatic world - a world of actions, of forces, of conflicting powers. In every phenomenon of nature it sees the collision of these powers. Mythical perception is always impregnated with these emotional qaulities."[1] 'n Wêreld van simbole lê opgesluit in hierdie dramatiese benadering van die werklikheid. Hierdie simbole het 'n sterk gevoelselement en hulle betekenis lê nie in logiese reëls nie maar in die eenheid van die betrokke gevoelsfunksies. Die empiriese verskille tussen dinge word vir die primitiewe mens maklik oorbrug deur die gevoel van die solidariteit van die lewe ('n simbool); daarom kan die mens in totemisme (simboliese handeling) hom so maklik vereenselwig met die ras, 'n dier, 'n plant, ens. In die Griekse mitologie is die gehumaniseerde gode niks anders as 'n verpersoonliking van wat vir die Grieke die ideale mens (simbool) sou wees. Die magiese rites (simbole) is die aanvaarding deur die mens dat hy die mag het, as hy maar net die regte simbool gebruik, om sy omgewing te kan beheers. Die taboebegrippe (simbole) van "raak nie aan nie" is die aanvang van die sedelike begrip van die godsdiens. Toe die taboe vervang word deur die motiewe wat daar agter lê, kom ons tot die hoër sedelike begrippe (simbole) van reinheid, geregtigheid, ens. Godsdiens verander van 'n passiewe gehoorsaamheid tot 'n aktiewe godsdienstige belewing.

Die bogenoemde is nie 'n uiteensetting van Cassirer se beskouing oor godsdiens nie (hieroor later meer) maar net voorbeelde van verskillende simbole soos hulle hulle in die godsdienstige ontwikkeling openbaar.

Sy beskouing oor die simbool word vir Cassirer baie duidelik in die menslike taal geïllustreer. Die geluide wat diere maak is geen taal nie maar slegs emosionele uitinge. Sodra hierdie geluid egter 'n semantiese funksie verkry, kan ons van taal praat; dit wil sê, sodra hierdie geluid verbonde raak aan of 'n sekere mate van identiteit met 'n objek verkry, is daar woorde en dus die moontlikheid van taal. Sonder hierdie band tussen die woord en dit wat dit voorstel sou die woord sy funksie nie kan

1. E.o.M., 76.

volbring nie. Die woord is nie dieselfde as dit wat dit aandui nie maar is 'n simbool daarvan. Alhoewel hierdie woorde wissel van taal tot taal en van beskawing tot beskawing, is daar tog 'n eenheid en hierdie eenheid lê in die funksie van die woord. Deur die simbolisme van taal word objekte geïsoleer, geklassifiseer en word verhoudings sowel as verhoudings van verhoudings aangedui. Sodoende word die mens in staat gestel om al hoe meer die teoretiese wêreld te betree - "the world of meaning". Oor Cassirer se beskouing oor taal, later egter meer.

Soos by alle ander simboliese vorme is kuns nie slegs 'n weergawe van 'n gegewe werklikheid nie. Dit is nie 'n nabootsing van die werklikheid nie maar 'n ontdekking daarvan. "The artist is just as much the discoverer of the forms of nature as the scientist is a discoverer of facts or natural laws."[1] In kunsskepping en kunsgenieting lewe ons in die ryk van suiwere vorme, die ryk van beeldende, musikale en digterlike vorme. Kunsuitinge is simbolies in die sin dat ons agter die skaduwees van kunsskeppinge bewus word van 'n nuwe werklikheid deur middel van intuïse en sodoende die "sensuous forms" vir ons blootgelê word. Op hierdie wyse gee die skilderkuns aan ons die vorme van uiterlike dinge en die dramatiese kuns die vorme van die innerlike lewe. Die voorstelling deur middel van hierdie sinnelike vorme verskil heeltemal van taal- of begripsvoorstellings. Vir die kunstenaar bestaan empiriese verhoudings, vergelykings van feite en kousale verband nie. "Behind the existence, the nature, the empirical properties of things, we suddenly discover their forms. These forms are no static elements. What they show is a mobile order, which reveals to us a new horizon of nature."[2]

As ons die terrein van die "wetenskap" (science) betree, word andersoortige simbole gebruik. Benewens die gewone taalterme word gebruik gemaak van die taal van getalle. Die ontdekking van so'n taal was die geboorteteuur van ons moderne begrip van die wetenskap. Die simbolisme van getal is 'n heel andersoortige tipe as die simbolisme van taal. Die simbole van taal het nie 'n definitiewe sistematiese orde nie, maar so gou ons die getalleryk betree kry ons 'n ander toestand van sake. Ons kan nie van geïsoleerde getalle praat nie want alle getalle word saamgebind deur dieselfde generiese verband naamlik dat dit met die volgende getal verbind is in die verhouding n+1. Van hierdie eenvoudige verhouding kan ons al die eienskappe van heel getalle aflei. Dit is 'n nuwe en magtige simbolisme wat vir alle "wetenskaplike" doeleindes die simbolisme van taal ver oortref. Wat ons hier vind is nie meer losstaande woorde nie, maar terme wat volgens een en dieselfde fundamentele plan voortgaan en wat ten gevolge hiervan 'n duidelike en strukturele wet aanwys. As van die objektiwiteit van getalle gepraat word, word nie gedink aan getalle as aparte metafisiese of fisiese eenhede nie. Hulle is slegs instrumente van kennis (simbole) waardeur die werklikheid in die natuur ondersoek word.

7. Samevatting. Die simbool is 'n tipiese skepping van die menslike gees en dit is alleen deur die simboolskeppende funksie van die menslike gees dat die werklikheid in sinvolle verband geken kan word.

19./ Alhoewel simbole ....

1. E.o.M., 143
2. Ibid, 169.

Alhoewel simbole skeppinge van die menslike gees is, is hulle objektief en algemeengeldig. Hierdie objektiwiteit lê nie in die inhoud van die simbool nie maar in sy struktuur en in die funksie van die menslike gees, 'n funksie wat hy uitvoer "from inner necessity."

Gebonde aan die sintuiglike het die simbole 'n geestesinhoud wat ver bo die sintuiglike gaan; hoe verder 'n mens ontwikkel, hoe losser raak hy van die sintuiglike totdat hy uiteindelik beweeg in die wêreld van "pure meaning."

Hierdie bogaande kunsmatige skeiding van die simbool en sy funksie (wat in die volgende hoofstuk behandel word) is nie 'n skeiding wat Cassirer in sy "An Essay on Man" maak nie. Vir ons doel is dit egter noodsaaklik om 'n duidelike begrip te kry van wat hy met die simbool bedoel voordat ons die simbool in sy funksionele aard kan verstaan. Waar in hierdie hoofstuk ook die verskillende terreine van die menslike lewe aangeraak word, is dit maar slegs om voorbeelde van simbole daaruit te haal en is dit ook geensins 'n volledige lys nie.

## HOOFSTUK 4 DIE FUNKSIONELE AARD VAN DIE SIMBOOL.

1. Inleiding. "The philosophy of the symbolic forms starts from the presupposition that, if there is any definition of the nature or 'essence' of man, this definition can only be understood as a functional one, not a substantial one."[1] Die mens se uitstaande kenmerk wat hom onderskei is nie sy fisiese of metafisiese aard nie maar sy werk. Dit is hierdie sisteem van menslike aktiwiteite "which defines and determines the circle of 'humanity'."[2] Van hierdie sirkel is taal, mite, godsdiens, kuns, wetenskap en geskiedenis net verskillende sektore. Hierdie sektore vorm 'n organiese geheel want hulle word gebind deur 'n gemeenskaplike band. "But this bond is not a v i n c u l u m s u b s t a n t i a l e, as it was conceived and described in scholastic thought; it is rather a v i n c u l u m f u n c t i o n a l e."[3] Hierdie funksionele band is die mens se simboolskeppende aktiwiteit.

2. Die simboliese funksie lei tot kennis van die werklikheid. Soos ons reeds in Hoofstuk 3 aangetoon het, bestaan daar by die mens, net soos by die dier, 'n funksionele verband tussen die "Merknetz" en "Wirknetz." By die mens is daar egter baie meer as dit. Tussenbeide is 'n derde skakel gegee naamlik die simboliese funksie. Hierdie funksionele vermoë naamlik om simboliese vorme te skep lê in die wese van die mens en elke mens is daarop ingestel om in ooreenstemming met die omstandighede en met die betrokke funksionele aanleg simbole te skep. Daarom kan die mens met mekaar in gemeenskap verkeer deur middel van taal, kuns, wetenskap, ens. Daar is ook vir hom geen ander werklikheid as die werklikheid wat hy deur middel van die simboliese vorme kan benader nie. " From this point of vieuw, myth, art, language and science appear as symbols; not in the sense of mere figures which refer to some given reality by means of

20./ suggestion and ........

1. E.o.M., 67
2. Ibid, 68
3. Ibid, 68